AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

Beste Graad 12-leerder

In hierdie vak leer jy hoe Afrikaans gebruik word. Die klem val op die vaardighede luister en praat, lees en kyk asook skryf en aanbied. Jy gaan ook nuwe Afrikaanse woorde leer en leer hoe sinne in Afrikaans gevorm word.

Vakvereistes

Jy het die volgende nodig vir die vak:

- 'n Goedgekeurde taalhandboek
- 'n Voorgeskrewe werk (kortverhale of poësie of 'n novelle of 'n eenbedryf)
- Skryfboeke vir Skryfwerk, Taal en Voorgeskrewe
- 'n Tweetalige woordeboek
- Leesstof (koerante, tydskrifte, ens.)

Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy moet gebruik om te verseker dat jy al die Graad 12-inhoud gedek het.

Leesbegrip en Opsomming

- Inhoud van die teks
- Woordbetekenis
- Leesstrategieë: soeklees, vluglees en herlees
- Tekssoort, skrywer se houding
- Hoofidees en tema

Taal in konteks

- Betekenisleer, figuurlike taal en beeldspraak
- Woordvorming
- Klankleer en spelling
- Skryf- en leestekens
- Woordsoorte
- Verbindingswoorde by die skryf van sinne en paragrawe
- Enkelvoudige, saamgestelde en veelvoudige sinne
- Direkte en indirekte rede
- Lydende en bedrywende vorm (aktief en passief)
- Ontkenning, tyd en sinswyse
- Feit en mening, geïmpliseerde betekenis en afleiding
- Denotasie, konnotasie, die skrywer/ verteller se standpunt
- Gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel, diskriminasie, stereotipering, denotasie, konnotasie, aannames, doel met die insluiting of uitsluiting van inligting

Letterkunde (kortverhale, novelle of drama)

Afhangende van die voorgeskrewe werk wat julle bestudeer, sal die fokus op die volgende val:

- Intrige, tema, boodskap, karakterisering en agtergrond
- Die kenmerke van kortverhale/die novelle / die drama
- Hoe die keuse en gebruik van woorde die boodskap / tema in gedigte ondersteun
- Hoe karakters, agtergrond en die gebruik van woorde die boodskap en tema ondersteun
- Beeldspraak en stylfigure

Opstel

- Kenmerke van die Verhalende opstel en die Beskrywende opstel
- **Verhalende** opstel: Vertel 'n storie; moet oortuigend wees; gewoonlik in die verlede tyd; behou die leser se aandag met inhoud en styl; bevat goeie beskrywings
- **Beskrywende** opstel: Beskryf só dat die leser dit kan beleef; teken 'n woordprent.

Langer Transaksionele Tekste

Die formaat en styl van die volgende skryfstukke:

- Vriendskaplike / formele briewe (versoek / klagte / aansoek / bedanking / gelukwensing / simpatie) kort verslag / resensie/ toespraak / dialoog

Korter Tekste

Die formaat en styl van die volgende skryfstukke:

- Advertensie / dagboekinskrywings / poskaart / uitnodigingskaartjie / instruksies / aanwysings / strooibiljet / plakkaat / invul van vorms

Assessering

Skoolgebaseerde Assessering bestaan uit:

- 1 toets: **40 punte**
- 2 eksamens (of 1 eksamen + 1 toets) (halfjaar /toets en Voorbereidend / toets): **200 punte elk**
- 2 skyftake (opstel + lang/kort transaksionele tekste): **60 punte**
- 1 Letterkundetaak: **40 punte**
- **Totaal: 695 ÷ 6,95** **100 punte**

Die **jaareindeksamen** bestaan uit 3 vraestelle:

- **Vraestel 1**: Begrip, Opsomming, Taal en Letterkunde: **120 punte**
- **Vraestel 2**: Skryf (Opstelle, Lang en Kort transaksionele tekste): **80 punte**
- **Vraestel 3:** Mondeling **100 punte**
- **Totaal** **200 punte**

Wenke vir sukses

- Lees gereeld berigte, artikels, resensies, spotprente en rubrieke in Afrikaanse koerante en tydskrifte.
- Lees elke dag ten minste 500 woorde en skryf ten minste 250 woorde in Afrikaans.
- Vra jou onderwyser vir 'n bestek van die Graad 12-inhoud. Dit sal jou 'n volledige oorsig van die inhoud gee. Plak dit in jou oefenboek. Merk elke onderwerp af soos dit in die klas onderrig word en skryf die ooreenstemmende bladsynommers in die handboek langs die onderwerp neer.

2018 nasionale vraestel
https://qrgo.page.link/K7Qds